

12 KM-WEDLOOP IN KAAPSTAD

Elana-rekord in visier

Irvette kan 38:39 oortref

Sarel van der Walt

Pretoria. – Verlede jaar was sy verwagting en het glad nie die roete geken nie.

Sondag kan die Olimpiese marathonatleet Irvette van Zyl in Kaapstad in die Kaapstad 12 One Run-wedloop oor 12 km Elana Meyer se 17 jaar oue SA rekord oor die afstand verbeter.

Ongelukkig sukkel Van Zyl sedert eergister met 'n verkoue, maar hoop dit sal teen Sondag opgeklar wees.

"Ek was gister (Woensdag) by die dokter en voel darem al heelwat beter," het Van Zyl gistermiddag gesê.

Toe sy verlede jaar by FNB se Kaapse hoofkantoor in Bree-straat oor die eindstreek gehardloop het, het Van Zyl gebieg sy was onder die indruk die wedloop sou by die Groenpunt-stadion eindig.

"Toe ons deur die stad hard-



meter moet hardloop as sy die rekord wil oortref.

Die wedloop word op 'n vin-nige roete gehardloop.

As die weer soos verlede jaar saamspeel, en haar verkoue is opgeklaar, is daar 'n goeie kans dat sy die rekord kan oortref.

"Gelukkig hoef ek nie die keer 'n ekstra paar kilogram saam te dra soos verlede jaar toe ek nog verwagting was nie," het Van Zyl gesê.

LJ van Zyl neem môre op die Diamantliga-byeenkoms in Sjanghai, China, aan die 400-hekkies deel.

'n Bonus van R10 000 wag op Van Zyl as sy Meyer se rekord kan oortref, het Michael Meyer van Stillwater Sport, wat die wedloop organiseer, gesê.

Die wentjek is R40 000.

Verlede jaar het die Keniaan Vivian Cheruiyot in 38:32 gewen. Lebo Phalula (39:21) was die eerste Suid-Afrikaanse vrou.

Van Zyl het gesê sy sal volgende maand op die Afrika-kampioenskap in Durban ook in die 5 000 m vir die Rio-Spele wil kwalifiseer.

"Ek wou in die 5 000 én die 10 000 gehardloop het, maar ASA (Atletiek SA) wou niks daarvan hoor nie."

Irvette van Zyl kan Sondagoggend in Kaapstad 'n aanslag op Elana Meyer se SA rekord in 'n wedloop oor 12 km doen.

Foto: CHERIE VALE

loop, het ek gedink die mense (die organiseerders) bedonner ons, want ek was onder die indruk ons gaan Groenpunt toe. Dit sou dan beslis verder as 12 km gewees het," het sy toegaggend vertel.

In September het sy geboorte gegee aan haar en haar man, die Olimpiese hekkiesatleet LJ

van Zyl, se seun, Louis, en kort daarna weer begin hardloop.

Sy is baie goed op dreef en het drie weke gelede in die London-marathon met 'n tyd van 2:32:20 seker gemaak van haar plek in die Suid-Afrikaanse span na vanjaar se Olimpiese Spele in Rio de Janeiro, Brasilië.

Meyer se SA rekord is 38:39. Sy het dit in 1999 in San Francisco opgestel.

Verlede week het Van Zyl met die Spar-wedloop oor 10 km in Port Elizabeth 'n tyd van 33:28 gehardloop.

Volgens Lindsay Parry, haar afrigter, sal die Nedbank-atleet van Pretoria teen 3:13 per kilo-